Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

AANKONDIGINGS & VERWELKOMING:

LAERSKOOL KRUINSIG KINDERKOOR:

KLOK:

VOTUM:

Gees van God wat lewend maak, vul my meer en meer. Gees van God wat lewend maak, vorm my tot U eer. Troos my, sterk my, leer my, lei my. Gees van God, vul my al meer – vorm my tot u eer (Gesang 442: 2).

SEËNGROET:

Groete aan almal wat aan God behoort deur Christus Jesus: Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees (Filippense 4: 21 en 23, 1983).

LOFSANG:

Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U! ~ Gesang 542: 1-2.

OM JESUS TE VOLG, VRA LIEFDE:

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Bybelse wysheid is nie intelligensie, geleerdheid of akademiese grade nie. Psalm 111: 10 sê die pragtig: Die hoofsom van die wysheid is ontsag vir die Here. Ons sou dit kon vertaal met: Die hoofsom van die wysheid is om die Here te dien of Die hoofsom van die wysheid is die wil van God.

Hoe het ek en jy ontsag vir die Here?
Hoe kan ek en jy die Here dien?
Wat is die wil van God?

Omdat die Bybel ons wil leer om volgens die wil van God te lewe (om die Here te dien / om ontsag vir die Here te hê), gee die Bybel graag prakties raad vir hoe ons elke dag moet lewe:

- Vertrou op die Here
- Wees versigtig met jou woorde
- Vermy kwaad en doen goed
- Soek vrede en jaag dit na
- Beteuel jou humeur
- Wees sagmoedig

- Wees mededeelsaam
- Betoon opregte liefde
- Doen niks sonder die Here nie

ANTWOORD: Waar daar liefde is, en deernis, daar is God die Heer (Gesang 526).

PREEK:

Vandag is vir ons om soveel redes spesiaal:

- Ons het vanmôre opgestaan en God gee aan ons ‘n nuwe dag met nuwe geleenthede.
- Onder leiding van die Heilige Gees het ons opgeruk na die Kerk en hier is ons almal in liefde saam; broers & susters in die geloof.
- Ons Geestelike moeder, tannie Zuurfontein, verjaar vandag en sy het ‘n geseënde ouderdom van 85 jaar bereik. Genade onbeskryflik groot! Vir 85 jaar was sy vir duisende mense ‘n geestelike moeder waar hulle van God geleer het, waar hulle troos en vertroosting gevind het, waar hulle met hulle Godgegewe gawes en talente

diensbaar kon wees. Vandag eer ons God vir hierdie geskenk aan ons en ons dorp.

- Vandag is verder spesiaal omdat drie jongmense (Jake Botha, Bronwyn Sinden en Juvan Deysel) hier in die openbaar hulle geloof in die Drie-enige God gaan bely. Boonop word Bronwyn ook gedoop.

Vir elkeen van ons sal hierdie oomblik en hierdie dag, om verskillende persoonlike redes, uiters spesiaal wees. Ons behoort veral stil te word en ons fokus op God plaas. Dit gaan oor ‘n almagtige en ewige God wat oor jare in mense se lewens, deur die Kerk, ingetree het. God is werklik Groot!

SKRIFLESING: Psalm 34: 1-23

[1]Van Dawid. Toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abimeleg, dié hom weggejaag en hy toe weggegaan het.

א ALEF

[2]Ek wil die Here die hele tyd prys, my mond is voortdurend vol van sy lof.

ב BET

[3]In die Here sal ek roem; verdruktes sal dit hoor en hulle verheug.

ג GIMEL

[4]Maak saam met my die Naam van die Here groot, ja, laat ons saam sy Naam verheerlik.

ד DALET

[5]Ek het die Here geraadpleeg, en Hy het my geantwoord; van al my verskrikkinge het Hy my gered.

ה HE

[6]Verdruktes kyk op na Hom en hulle straal; hulle gesigte hoef nie rooi van skaamte te wees nie.

ז ZAJIN

[7]Hierdie magtelose het geroep en die Here het gehoor, en uit al sy benoudhede het Hy hom verlos.

ח GET

[8]Die Engel van die Here trek 'n laer rondom hulle wat vir die Here ontsag het en Hy red hulle.

ט TET

[9]Beproef dit en ervaar: Die Here is goed, gelukkig is die mens wat by Hom skuil.

י JOD

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

10Julle moet ontsag hê vir die Here, julle wat aan Hom toegewy is; want wie vir Hom ontsag het, ly geen gebrek nie.

כ KAF

11Jong leeus kry swaar en ly honger, maar wie die Here soek, ly geen gebrek aan alles wat goed is nie.

ל LAMED

12Kom, kinders, luister na my, ontsag vir die Here sal ek julle leer.

מ MEM

13Wie is die mens wat lewe begeer, graag jare wil hê om die goeie te ervaar?

נ NUN

14Weerhou jou tong van kwaad en jou lippe daarvan om bedrieglik te praat.

ס SAMEK

15Vermy die kwaad, en doen die goeie; soek vrede, en jaag dit na.

ע AJIN

16Die oë van die Here is op die regverdiges, sy ore op hulle hulpgeroep.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

פ PE

17Die gesig van die Here is gerig teen kwaaddoeners om hulle gedagtenis uit te roei van die aarde af.

צ TSADE

18Regverdiges roep om hulp en die Here luister, uit al hulle benoudhede red Hy hulle.

ק KOF

19Die Here is na aan hulle wat gebroke harte het; wie se gees verpletter is, verlos Hy.

ר RESJ

20'n Regverdige ervaar baie teenspoed, maar uit dit alles red die Here hom.

שׁ SJIN

21Hy beskerm al sy bene; nie een van hulle word gebreek nie.

ת TAW

22Boosheid veroorsaak 'n goddelose se dood en hulle wat 'n regverdige haat, sal daarvoor boet; 23die Here red die lewens van sy diensknegte en niemand wat by Hom skuil, sal boet nie.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

PREEK:

Vandag se preek, is ‘n opvolg preek. Laas Sondag (1 September 2024) het ons ook vanuit Psalm 34 met mekaar gepraat. By dié geleentheid het ons, met verwysing na 1 Samuel 21: 12-15, 1983, oor die kultuur historiese agtergrond van die Psalm gepraat. Die res van die gesprek het gehandel oor die inhoud en plek van lofprysing. Ons onthou nog die kernwoorde uit die teks: *Ek wil die Here die hele tyd prys, my mond is voortdurend vol van sy lof*.

Die baie ou Afrikaanse treffer vra die vraag: Hoe sê ‘n mens dankie? Hoe sal ons die Here kan loof en prys vir 85 jaar van genade? Ons weet God kies om in en deur die Kerk in die wêreld ‘n impak te maak. Dit is God wat die Kerk roep, toerus en uitstuur. So het God ook deur gemeente Zuurfontein in die wêreld ‘n impak gemaak. God sal steeds in die toekoms Zuurfontein gemeente tot sy bediening en diens roep, ons met die Woord toerus en ons in die wêreld uitstuur.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Baie van God se werk in en deur die gemeente is nie algemeen bekend nie, ons sien dit nie en ons skryf dit nie op papiere neer nie, maar God is stil-stil in en deur die gemeente aan die werk.

In die verlede was daar baie uitdagings, beproewings en aanvegtings tydens die bestaan van Zuurfontein gemeente. Vandag is daar ook eietydse uitdagings ... gemeente getalle neem om verskillende redes af / mense verkies om nie in die middestad te aanbid nie / finansiële uitdagings / demografiese skywe / emigrasie en semi grasie / die JA vir Jesus, NEE vir die kerk beweging / besige programme en baie ander aktiwiteite op ‘n Sondag / negatiewe geboorte getalle ens. ens. Tog hou ons geestelike moeder (Zuurfontein Gemeente) ons nog bymekaar.

Ook in die toekoms weet ons sal daar uitdagings, beproewings en aanvegtings wees. Met ons oë op die wenpaal sal ons saam met ons geestelike moeder vorentoe beur. Een ding het ons geleer: *saam is ons*

sterker. Vir die toekoms sal ons nie alleen kan staan nie, ons moet saam met ander gemeente en saam met die NHKA staan. Meer nog dit sal meer en meer nodig wees om saam met ander kerke (denominasies) die aanslae van die tye af te weer. Ons moet almal leer om ten spyte van ons verskille saam aan juk te trek.

Zuurfontein gemeente is nie die gemeente van God nie, maar ‘n gemeente van God. Die Hervormde Kerk is nie die Kerk van die Here nie, maar ‘n Kerk van die Here. Ons behoort almal saam hande te vat vir die Koninkryk van God. God eerste! God se saak eerste!
Amen!

Nou beweeg ons na die volgende voorreg ~ Openbare Belydenis van geloof. Oor die laaste 85jaar het letterlik duisend jongmense hier voor die kansel, met die gemeente as getuie, openbare belydenis van geloof afgelê. In my eie direkte familie het my pa en seun in hierdie gemeente openbare belydenis van geloof afgelê.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Vir ‘n kort oomblik wil ek graag terugkeer na Psalm 34 en meer spesifiek verse 11-12. In die gemeente het ons laas Sondag ook reeds aandag gegee aan Psalm 34 en ons het gepraat oor die kultuur historiese agtergrond, wysheidspsalms en alfabet psalms. Ook het toe gefokus op die inhoud en betekenis van lofprysing. Indien jy meer daaroor wil weet kan jy op ons gemeente se webblad onder preke gaan lees: www.nhzuurfontein.org, klik op preke en klik op die spesifieke preek se oranje skakel.

Maar nou eers terug na:

PSALM 34: 11-12, 2020

כ KAF

11 Jong leeus kry swaar en ly honger, maar wie die Here soek, ly geen gebrek aan alles wat goed is nie.

ל LAMED

12 Kom, kinders, luister na my, ontsag vir die Here sal ek julle leer.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Die 2020 Afrikaanse vertaling sê hierdie versreël vir my baie mooi: Jong leeus kry swaar en ly honger / Jong leeus kry swaar en ly honger.

Die voortbestaan van enige trop leeus, lê in die trop se vermoë om die jong leeus suksesvol te laat groei tot volwassenheid. As volwasse leeus kan hulle weer sorg vir die jong leeus. In hierdie grootmaak proses is daar uitdagings. Daar is uitdagings van binne die trop: kos en binne gevegte vir dominansie. En daar is uitdagings van buite die trop: ander diere wat moontlik die jong leeus kan vang en opvreet en ook habitatsverlies.

Om te oorleef is daar verantwoordelikheid (instink) van die jong leeus se kant nodig. Hulle moet die ouer diere vertrou en navolg. Hulle moet kyk, luister en leer. Wanneer hierdie hele proses, wat ek baie kortliks beskryf het, nie gebeur nie, bedreig dit die voortbestaan van die hele trop.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Al hierdie sake is ook van toepassing op die mense en die opvoeding van ons jongmense. Ook ons jongmense sal swaarkry en honger ly as hulle nie bereid is om by die ouer mense te leer nie of as ouer mense sê ek wil nie my kind voorskryf nie, hy of sy moet self leer en ontwikkel. Hierdie uitgang punt bedreig selfs die voorbestaan van ‘n samelewing en van die kerk. ‘n Trop leeus sal instinktief nooit ‘n jong leeu op sy of haar eie los nie, dit sal die dood van daai leeutjie beteken en die voortbestaan van die trop bedreig.

Daarom het ons kategese waar jongmense kan sien, luister en leer. Waar hulle gevorm word tot jong volwasse gelowiges. Vandag kom drie jongmense na vore en sê ons is gereed om nou meer en meer op ons eie voete te staan. Julle bly deel van ‘n trop en as julle dit buite die trop waag sal dit gevaarlik en moeilik wees.

Ons teksgedeelte sê dat die opvoeding van die jong leeus behels dat hulle geleer moet word om die Here te soek, om ontsag vir die Here te hê. Ons wat die ouer en meer

ervare volwassenes is moet die jongmense leer om die Here te soek in alles wat hulle dink, sê en doen en om ontsag vir die Here te hê.

Liewe jongmense julle wat vandag openbare belydenis van geloof gaan aflê, hou aan om die Here te soek in alles wat julle dink, sê en doen en moenie vergeet om vir die Here ontsag te hê nie. Wanneer julle dit nie doen nie, sê die teks so reg: *sal julle geestelik honger ly*.
Amen.

PREEK:

OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF:
Liturg:
Jake Botha, Bronwyn Sinden en Juvan Deysel ek vra julle en julle ouers (en/of voogde) om voor die kansel te kom staan.

Geliefdes van ons Here, Jesus Christus!

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

God het die wêreld so lief dat Hy sy Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Met die doop bevestig God hierdie genade aan ons. God se liefde dring ons om ons geloof te bely. Die verrassende is dat die Woord van God ons leer dat geloof nie uit onsself kom nie – dit is ‘n geskenk van God. Die Heilige Gees wek geloof in ons wanneer ons die Woord van God hoor. Sommige van ons kon reeds van kleins af in God glo. Ander van ons het God eers later leer ken. Geloof in Jesus Christus bring ons in ‘n lewende verhouding met God.

Hierdie verhouding word ook sigbaar waar ons meeleef met die kerk as liggaam van Christus. Dit is ‘n voorreg om God se kinders te wees en aan sy kerk te behoort. Daarom bely ons telkens opnuut en met verwondering ons geloof.

Hierdie verwondering dring ons om gereeld tot God te bid, die Bybel as Woord van God getrou te bestudeer en ons lewe daarvolgens in te rig. Wanneer ons bewus word van

ons onvermoë om volgens sy wil te lewe, moet ons ons skuld bely en ons telkens weer tot God bekeer. As lidmate van sy kerk wil ons diensbaar wees in sy gemeente en ons hou aan die kerklike dissipline.

God gebruik die opvoeding vanuit die ouerhuis, die kerk se kategese en die prediking om ons oor al hierdie sake te onderrig. Die ouderlinge is tevrede dat julle voldoende onderrig is, dat julle besef wat die geloof in God beteken, en hoe julle as Christene moet leef. Daarom kry julle nou geleentheid om julle geloof voor God en sy gemeente te bely.

Die katkisante moet nou op die volgende vraag antwoord:

Liturg:
Noudat julle gehoor het wat dit beteken om te glo, wil julle ook saam met die kerk van alle eeue julle geloof bely?
Katkisante: Ja

Liturg:

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Ek vra dat elkeen met die uitlees van sy/haar naam, op die volgende vraag antwoord:

Bely jy voor God en sy gemeente, soos wat ons in die Woord van God leer en dit in ons belydenisskrifte belig word, dat jy glo in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees? Jake, Bronwyn en Juvan wat is hierop julle antwoord?

Liturg:
Kom ons bely nou as gemeente saam met die een heilige algemene Christelike kerk, ons geloof deur die Apostoliese Belydenis in gees saam te bely:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; wat

opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die wederopstanding van die vlees,
en ’n ewige lewe.
Amen.

DOOP: Bronwyn Sinden

Liturg:
Op grond van julle doop en die belydenis van julle geloof verklaar die ouderlinge julle tot belydende lidmate van die NHKA.

God die Vader het julle op grond van sy genade geroep om deur Jesus Christus ewig aan Hom en sy kerk te behoort. Mag God julle deur sy Woord en Gees lei, in die

geloof versterk en julle krag gee om by hierdie belydenis te bly.
Amen

In die Naam van Jesus Christus, die Hoof van die kerk, roep ons julle op om gereeld saam met die gemeente die Nagmaal te vier en met toewyding deel te neem aan die gemeentelewe tot uitbreiding van die koninkryk van God.

As medegelowiges onderneem ons om julle as broers en susters van Christus lief te hê, met ons gawes te dien; vir julle te bid; vir julle ‘n voorbeeld te wees in die geloof en julle met deernis te ondersteun in die geloof wat julle vandag bely het.

Gebed:
Ons kan niks in eie krag doen nie. Kom ons bid saam:
Here God, ons dank U dat ons vandag weer op grond van u genade ons geloof in U kon bely.
Vader, dankie dat ons in Christus u kinders is en in u genadeverbond ingesluit is.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

Dankie dat U ons deur u Heilige Gees geloof skenk en dit versterk deur die verkondiging van u Woord en die gebruik van die sakramente.

Dankie dat U ons in u diens wil gebruik en daarvoor toerus met die gawes van u Gees.

Ons bid in die besonder dat U hierdie nuwe lidmate deur u Gees sal lei en sterk in hulle geloof . Ons wil U oral as Here eer en erken. Vergewe ons wanneer ons U wel verloën.

Maak ons altyd gehoorsaam aan u Woord. Help ons om as dissipels U getrou te volg en in u kerk te dien.

Here, beskerm, versterk en laat groei u kerk.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser.

ONDERTEKENING VAN DIE GELOFTES:

SLOTSANG:

Leer my u wil, Heer, u doel met my. Leer my u wil, Heer, u plan met my. Vul met u Gees my, breekbare kruik, dat U my oral nuttig gebruik ~ Gesang 528: 1-3.

Tekste: Gesang 442: 2; Filippense 4: 21 en 23, 1983; 1 Samuel 21: 12-15, 1983.
Fokus teks: Psalm 34, 2020 .
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 526 x 5; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

SEËNBEDE:

Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.

Die Here is langs jou om jou hand vas te hou.

Die Here is agter jou om die Bose te verslaan.

Die hand van die Here is onder jou om jou te dra as jy swak is en jou op te help as jy val.

Die Here is rondom jou om jou te beskerm.

Die Here is bokant jou om jou te seën.

Die Here is binne-in jou, want Hy lei jou deur sy Heilige Gees.

Die Here is vir jou, want Jesus pleit vir jou.

Die Drie-enige God is by jou, van nou af tot in ewigheid. Amen.

WEGSENDING:

Gesang 519: 1-4 ~ Wees stil en weet: Ek is die Heer.